Hoofstuk 99 Die Aardbewing / Surah Az-Zilz

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

1. Op die Opstandingsdag, die Oordeelsdag, wanneer daar 'n geweldig aardbewing sal wees, (K22:1)

2. en die aarde alles en almal wat daarin begrawe is sal voortbring,

3. en die mens sal sê: “Wat het met die aarde gebeur, wat is nou met die aarde aan die gang?”

4. Op daardie dag sal die aarde alles wat daarop gebeur het beskryf,

5. omdat die Skepper, Voorsiener en Onderhouer daarvan dit so beveel het.

6. Op daardie dag sal mense terugkom vanaf die plek van afrekening in verskillende groepe, diegene wat gelukkig is en diegene wat ongelukkig is, sodat hulle die vrugte van hulle dade gewys kan word.

7. So, wie in geloof iets goeds doen in navolging van wat Allah as 'n goeie daad erken, al is dit so klein en so lig soos 'n stofdeeltjie, sal dit daardie dag sien. 'n Goeie daad wat nie in geloof in Allah gedoen is nie word nie erken nie, en sal ook nie in die Hiernamaals beloon word nie, alhoewel dit in hierdie wêreld beloon mag word. Geloof in sigself word dus beskou as 'n goeie daad, en dit neem slegs een goeie daad: die daad van geloof om vir genade en beloning in aanmerking te kom.

8. En wie iets doen wat nie goed is nie, en nie dit berou, bely en om vergifnis daarvoor vra nie, selfs al is dit so klein en so lig soos 'n stofdeeltjie, sal dit ook sien.

Ag hoe heerlik! Ag hoe wonderlik! Alle lof kom Allah toe!

Geseënd is die Naam van onse God: die Alomgenadige, die Genadigste: die Een wat aan almal gelyktydig genade in oorvloed wil betoon!

Onse Allah, wat selfs op grond van 'n geloof soos groot soos 'n stofdeeltjie Sy genade aan enige gelowige wil betoon: ja selfs vir hom of haar wie geen goeie dade gedoen het nie, is geloof in sigself 'n groot regverdiging.

Watter enorme beloning wag daar dan nie op Moslems wat van dag tot dag so hard probeer om, gegewe die beperkings van hul eie menslikheid binne die Wil van Allah te leef nie!

Watter absoluut onbeskryflike groot Genade!

Wie kan dan sê dat Islam nie 'n godsdiens van genade is nie!, wie kan dan sê dat Allah nie 'n God van genade is nie!: en al wat ons moet doen is net om te glo: die wonder van Allah se genade is dan aansporing genoeg om vasgegryp te raak in die die doen van goeie dade soos beskryf in vers 7.

O my Allah ek loof U en ek Prys U, die heerlike, die Loflike, die Lieflike:

Dankie vir U genade ook vir my!